***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (46/23)***
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 17 November 2023*

***"Anti-social behaviour is a trait of intelligence in a world full of conformists" Nikola Tesla***

Die volgende vraag is verlede week gevra: Slegs drie Suid-Afrikaanse skole het ten minste een verteenwoordiger in elk van die seëvierende Springbok Wêreldbeker-groepe (1995, 2007, 2019 en 2023) gehad. Kan jy die skole noem? Daar was 'n aantal mense wat die antwoord reg gehad het, die korrekte antwoord was – Maritzburg College, Paarl Gimnasium en Grey College, Bloemfontein.

**KOUGA-DAM LOOP OOR**

Op 24 Mei 2022 het ek die Koega dam saam met Petrus du Preez en Phillip Dempsey (CGA Direkteur vir Patensie) besoek om die dam te besigtig – toe minder as 5% vol. Petrus en 'n groep produsente en besorgde burgers in daardie omgewing het weeklikse gebedsessies gehou en vir reën gebid. Ek het Petrus belowe dat ek sal terugkeer wanneer die dam meer as 100% vol is.

Wat 'n plesier om daardie verbintenis na te kom, toe 'n groep Patensie-produsente, verteenwoordigers van Gamtoos Water en RBX, en die Voorsitter van CGA, gaan kyk het hoe die water oor die wal vloei en 'n sproeinewel opstuur om ons af te koel, terwyl ons aan sjampanje teug en dankie sê vir die pragtige gesig van 'n vol dam. Die produsente wat die Gamtoosrivier benut, het volgehou met waterrantsoenering, en het baie in boorgate belê om hul waardevolle boorde aan die lewe te hou. Deur hierdie veerkragtigheid, het hulle oorleef tot 'n punt waar hulle nou vir 'n geruime tyd van water verseker sal wees.

Produsente-eenheid is 'n sleuteldoelwit van die CGA, en die samekoms op die Kouga-damwal het die feit weerspieël dat die Patensie-streek die uitdagings as 'n verenigde groep die hoof gebied het. Die Patensie-produsente is daaraan herinner dat hulle deel is van die groter Suider-Afrika se sitrusfamilie, 'n familie wat met kommer die uitgerekte droogte in dié streek dopgehou het en in die gebede vir reën gedeel het.

Die Patensie-streek het sedert 2015 amper verdubbel – met uitvoervolumes wat van 7,2 miljoen kartonne tot 13,2 miljoen kartonne in 2023 toegeneem het. Die groei is in geen geringe mate te danke aan mandarynvolumes wat van 1,2 miljoen tot 4 miljoen kartonne toegeneem het. Met baie jong boorde in die streek, sal versekerde water 'n groot rol speel in Suider-Afrika se sitrus wat teen 2032 die 260 miljoen kartonvlak bereik.

**WÊRELD SITRUS ORGANISASIE (WCO) JAARLIKSE KONGRES**

Diegene wat nie die *WCO Annual Outlook Conference* bygewoon het nie, het regtig uit gemis. Philippe Binard het die 2023/4 noordelike halfrond projeksies aangebied, wat toe professioneel deur Eric Imbert van CIRAD beoordeel is. Die kongres is bekwaam gefasiliteer deur Chris White – wat 'n gesprek tussen sitrusbedryfsverteenwoordigers van Spanje, Turkye, Marokko, Israel en die VSA gemodereer het. 'n Paar interessante dinamika is gedeel. Vir diegene wat dit gemis het, besoek asseblief die WCO-webwerf www.worlcitrusorganisation.org.

Die res van die Outlook-kongres het na die impak van klimaatsverandering op die globale sitrusbedryf gekyk. Uitstekende sprekers van groot sitrusproduserende lande het 'n goeie insig gegee oor hoe klimaatsverandering die bedryf beïnvloed.

**BAIE GELUK AAN LAVHENGWA NEMOARANI**

Baie sal oorlede Israel Nemoarani onthou wat vir baie jare op die CGA-raad gedien het. Israel se seun, Lavhengwa, en sy vrou bestuur nou die familieplaas - Easy Farm. In die 2023-uitgawe van die Toyota Nuwe Oes van die Jaar-kompetisie was Lavhengwa 'n finalis – so ook sy pa Israel in 2009 in hierdie kompetisie. Lavhengwa was een van vyf finaliste – het net die eerste plek gemis, maar het 'n trofee gewen vir sy goeie werk op die plaas. 'n Vorige wenner – Pieter Nortje – het voortgegaan om groot dinge in die sitrusbedryf te doen. Dit is 'n hoogs kompeterende kompetisie en die sitrusbedryf loof Lavhengwa vir sy bekwame verteenwoordiging van die sitrusbedryf en dat hy so ver in die kompetisie gevorder het. Hy is 'n goeie voorbeeld vir ander nuwer toetreders tot die bedryf, en is 'n pluimpie vir die *CGA Grower Development Company* wat hom op sy reis bygestaan het.

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS'***